

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

24 Januarie 2009

- Molkrieke – lewe ondergronds, maar kom uit in baie nat toestande.
- Die Molkriek eiers broei uit in die lente en otwikkel gedurende die somer. In die laat somer steek die probleem sy kop uit en verrineweer dit die grasperk. 'n Volwasse molkriek is sowat 4cm lank en is fluweelagtig. Die insek beweeg vinnig en het 'n skarrel beweging.
- As jou gras sponsagtig is en dit onder jou voete meegee as jy daaroor loop, dan is die kans goed dat jy welmolkrieke in die gras het. Ander tekens is die gras is baie los omdat die molkrieke dit afvreet, en jy kan die geraas in die aand hoor.
- As jy vermoed dat jy wel molkrieke het en jy wil seker maak, vat twee eetlepels skottelgoed seep, meng dit met water en gooi dit oor 'n area van 0.5m² uit dan sal die molkrieke letterlik uit kruip.
- As die probleem wel daar is, kry vir jou Baythroid of Merit. Maak die gras eers goed nat, meng die gif en dien dit toe soos op die voubiljet verwys.

31 Januarie 2009

- Nou met al die reen is dit eintlik 'n goeie tyd om jou grasperk te voer. Onthou dat grasperke maklik brand as 'n mens kunsmis toedien, daarom is dit noodsaaklik om dit goed te benat. Wat 'n beter tyd as om dit nou gedurende of net voor 'n lekker reënbui te doen. As jy dit sou doen en die weer waai oor, moet jy dit maar inelkgeval natgooi.
- Met al die reën loog die minerale ook erg in die beddings en onthou dit sal nou die laaste keer wees wat 'n mens kunsmis soos 3:1:5(SR) sou neergooi op somerblommende plante en potte.
- So gepraat van potte, kyk sommer na jou potte wat buite in die reën staan dat die water wel dreineer. Enige plant wat heeltyd met water om die stam staan en nie noodwendig 'n waterplant is nie sal stam vrot opdoen.
- Iets anders wat 'n mens nou opmerk met al die reën is waterlote wat orals langs die plante uitstoot. Waterlote is nie noodwendig sleg nie en kan vir jou baie beteken, maar as dit uit die onderstok van 'n plant uitkom wat nie die boonste plant is nie kan dit die boonste plant heeltemal oorneem en dit is heeltemal ongewens. Sny of breek die waterlote heeltemal af wat jy nie soek nie voor hulle hulself te sterk anker.
- Die laaste punt waaroor ek wil praat oor die reen is ons wonderlike gekleurde varkore. Soveel mense kom sê vir my dat hulle varkore nou heeltemal net verlep en pap hang. Dit is as gevolg van die reën en gaan weer begin opstaan sodra die water minder raak.
- Kyk uit vir jou vye bome, hulle behoort nou te dra, so ook jou granate.